Mediavrystelling

Suid-Afrika, 25 November 2015 – Naspers Beperk (JSE: NPN) het vandag resultate vir die ses maande tot 30 September 2015 aangekondig.

Naspers het vandag finansiële resultate vir die ses maande tot 30 September 2015 aangekondig. Omset gemeet op die grondslag van ekonomiese belang (insluitend ’n proporsionele bydrae van geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings), het jaar tot jaar met 24% tot R74,3mjd (VS$5,9mjd) toegeneem. Organiese groei, wat die impak van verkrygings en verkope en wisselkoersbewegings uitsluit, het 20% beloop. Ondernemings buite Suid-Afrika dra tans 75% van omset by.

Kernwesensverdienste het met 45% tot R8,8mjd (VS$693m) gestyg. Dit is deels teengewerk deur ’n toename in ontwikkelingsbesteding van R735m. “Hierdie resultate is in ooreenstemming met ons verwagtings,” het Naspers se voorsitter, Koos Bekker, gesê. “Naspers vestig steeds verbruikersplatforms in groeimarkte.”

Groei in e-handel, tesame met sterk prestasie deur Tencent, het daartoe gelei dat die internetsegment op ‘n organiese grondslag ’n jaarlikse styging van 28% tot R47,7mjd behaal het. Dié segment dra nou 64% tot die groep se omset by. “Die veranderende samestelling van ons omset weerspieël beleggings regoor die wêreld in gebiede waar klante sterk betrokke is,” het die uitvoerende hoof, Bob van Dijk, gesê. “Die geklassifiseerdeadvertensie-ondernemings het vordering gemaak. Naspers het sy posisie versterk deur ’n beherende belang in Avito in Rusland te verkry. Die e-kleinhandel-, markplek- en reisondernemings het bedryfsgewys beter as mededingers gevaar,” het hy bygevoeg. e-Handel se omset het op ’n organiese grondslag met 27% tot R15,3mjd gestyg, terwyl belegging om die besigheid uit te brei tot ’n handelsverlies van R3,8mjd gelei het.

Digitale terrestriële televisie (oftewel DTT) en die Suid-Afrikaanse videovermaak-groep het beskeie groei in klantgetalle behaal. Satelliet(DTH)-televisie in Afrika suid van die Sahara het egter die wind van voor gekry weens ‘n uitdagende ekonomiese omgewing, veral dalende valutakoerse. ShowMax, ’n video-op-aanvraagdiens vir die internet, is in Augustus bekendgestel. Videovermaak-dienste bereik tans 10,2m huishoudings regoor die vasteland van Afrika. Omset was R22,6mjd en wins betreklik plat.

Die drukmedia-segment Media24 trotseer steeds druk in sy tradisionele gedrukte media. Media24 onderneem tans nuwe aanlyn- en e-handelinisiatiewe. Terwyl omset bestendig was en koste sterk aangespreek is, het die besigheid ’n beskeie handelswins van R202m gegenereer.

Die groep se aandeel van die resultate van ekwiteitsverantwoorde beleggings, hoofsaaklik Tencent in China en Mail.ru in Rusland, was R8mjd. Dit het ’n eenmalige wins van R1,5mjd van Tencent ingesluit, wat verband hou met veranderings in sy aandeelhouding van geassosieerde maatskappye.

Naspers se gekonsolideerde vrye kontantinvloei vir die tydperk het R1,3mjd bedra. Dit was hoofsaaklik ’n gevolg van ’n daling in kapitaalbesteding in die videovermaak-segment ná voltooiing van die DTT-netwerkontplooiing, tesame met groter dividendinkomste uit ekwiteitsverantwoorde beleggings. “In komende jare sal ons die ekonomiese uitdagings in Afrika moet bestuur,” het die finansiële hoof, Basil Sgourdos, gesê. “Ons sal aanhou belê om ondernemings uit te brei en uitstekende produkte vir ons klante te ontwikkel. Ons is steeds daartoe verbind om waarde vir ons onderskeie belanghebbers te skep,” het hy bygevoeg.

Vir meer inligting, kontak:

Meloy Horn, hoof van beleggersverhoudinge
Telefoon: +27 11 289 3320
+27 11 289 4446
Selfoon: +27 82 772 7123

Basil Sgourdos, finansiële hoof
Telefoon: +852 2847 3365
Selfoon: +852 9080 5155

Die volledige resultate is op Naspers se webwerf beskikbaar by http://www.naspers.com.

BELANGRIKE INLIGTING

Hierdie mediavrystelling bevat vooruitskouende verklarings soos omskryf in die Verenigde State se "Private Securities Litigation Reform Act" van 1995. Woorde soos "glo", "verwag", "voorneem", "beoog", "wil", "beplan", "kan", "mag", "streef" en soortgelyke uitdrukkings word gebruik om sulke vooruitskouings te identifiseer, maar is nie die enigste manier om sulke uitdrukkings uit te ken nie. Hoewel hierdie vooruitskouende verklarings ons standpunte en toekomsverwagtings verteenwoordig, kan verskeie risiko's, onsekerhede en ander belangrike faktore meebring dat werklike ontwikkelinge en resultate wesenlik van ons verwagtings verskil. Dit sluit baie faktore in wat ons ondernemings en hul finansiële prestasie negatief kan beïnvloed. Ons is geensins onder verpligting (en ontken uitdruklik enige sodanige verpligting) om ons vooruitskouende verklarings – hetsy as gevolg van nuwe inligting, toekomstige gebeure of andersins – by te werk of te wysig nie. Beleggers word gemaan om nie oormatig staat te maak op enige vooruitskouende verklarings hierin vervat nie.

- EINDE -